

JAN ZOE TENNIS

Die Jan Zoe Tennis is verlede Woensdag afgehandel. Goede Hoop het skoonskip gemaak, met Reiger in die tweede plek en Drommedaris in die derde plek.

TENNISDATUMS

SEUNS1	5 FEB	JvR vs WBHS	WEG	MNR. BESTER
SEUNS 2	5 FEB	JvR vs SACS	WEG	MNR. BESTER
DOGTERS 1	5 FEB	JvR vs ST. CYPRIANS	WEG	MEJ. HAHN
DOGTERS 2	5 FEB	JvR vs RUSTENBURG	TUIS	MNR. COUVARAS
SEUNS 1	12 FEB	WESTERFORD	TUIS	MNR. BESTER
SEUNS 2	12 FEB	JvR vs RBHS	WEG	ME. HOFFMAN
DOGTERS 1	12 FEB	JvR vs REDDAM TOKIA	WEG	MEJ. HAHN
DOGTERS 2	12 FEB	JvR vs SPRINGFIELD B	WEG	MEJ. LUIJK
SEUNS 1	19 FEB	JvR vs BISKOPPE	TUIS	BESTER
SEUNS 2	19 FEB	JvR vs BISKOPPE	WEG	ME. HAHN
DOGTERS 1	19 FEB	JvR vs SPRINGFIELD A	WEG	MEJ. LUIJK
DOGTERS 2	19 FEB	JvR vs HERSCHEL b	WEG	ME. HOFFMAN
SEUNS 1	26 FEB	JvR vs RBHS	TUIS	MNR. BESTER
SEUNS 2	26 FEB	LOSLOOTJIE		
DOGTERS 1	26 FEB	JvR vs REDDAM ATL	WEG	ME. HOFFMAN
DOGTERS 2	26 FEB	JvR vs HERSCHEL a	WEG	MNR. COUVARAS
SEUNS 1	5 MRT	JvR vs REDDAM ATL	TUIS	BESTER
SEUNS 2	5 MRT	JvR vs WESTERFORD	WEG	MNR. COUVARAS
DOGTERS 1	5 MRT	JvR vs RUSTENBERG	WEG	ME. HOFFMAN
DOGTERS 2	5 MRT	LOSLOOTJIE		
SEUNS 1	12 MRT	JvR vs BISKOPPE	WEG	MNR. BESTER
SEUNS 2	12 MRT	JvR vs WBHS	WEG	MNR. BESTER
DOGTERS 1	12 MRT	JvR vs SPRINGFIELD	TUIS	MNR. COUVARAS
DOGTERS 2	12 MRT	JvR vs HERSCHEL	WEG	ME. HOFFMAN

VALENTYNSBAL

Cupido het sy pyl geskiet. Op 10 Februarie is dit tyd om die liefde te geniet. Kom alleen of bring jou skattebol na 'n heerlike valentynsjol! Trek jou def-tigste klere aan. Om 19:00 open die dansbaan. Dan kan jy foxtrot, jive of sommer net opskop tot jy van die dors en die honger omdop. Stylvolle virgin cocktails sal daar wees en hope lekker kos vir die vlees. Kom deel in die pret. Wie weet - Cupido skiet jóú dalk net!

Kostes:
R90(dubbel)
R50 (enkel)

HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK

KLOOFSTRAAT 129, KAAPSTAD
prinsipaal@janvanriebeeck.co.za / ontvangs@janvanriebeeck.co.za

UITGAWE 4

5 FEBRUARIE 2010

Jannewa

IN HIERDIE UITGAWE

- HANDBOEKE
- KAPERJOLLE MAAK PLEK VIR GROTER ERNS
- KRIEKETUITSLAE
- VASELINETJIE
- KULTUUR WEEKLIKS AAN DIE KOOK
- GASVRYHEID-STUDIES
- TENNIS
- VALENTYNSBAL

HANDBOEKE: Alle handboeke vir graad 8 en graad 9 asook Vers-joernaal vir grade 10, 11 en 12 is beskikbaar by me. Luitingh. Graad 10 en graad 11 se voorgeskrewe leesboeke moet ook nou aangekoop word. Aankope kan nog slegs tot Vrydag, 12 Februarie, gedoen word. Daarna word die orige boeke

KAPERJOLLE MAAK PLEK VIR GROTER ERNS

Tot hede is die kwartaal hoofsaaklik opgeneem deur hope pret, gees, kampe en al daardie lekker dinge. Die skool is voorwaar geseën met leerlinge en ouers wat 'n aansteeklike gees van lewensvreugde en betrokkenheid skool toe bring. Hierdie gees word positief stimulerend ervaar, maar dit sal onverantwoordelik wees om nie 'n balans te skep waar akademiese betrokkenheid ook 'n hoofrol vertolk nie. Die skool wil al sy dank en waardering teenoor die ouers en leerlinge uitspreek vir die ruim mate van welwillendheid en betrokkenheid, maar wil in dieselfde asem versoek om die onderstaande kontrolelys sorgvuldig te oordink en onverwylde aandag daaraan te skenk.

1. Is alle handboeke, skryfbehoeftes en uniform alreeds bekom?
2. Is alle notas van die reeds afgehandelde kurrikula op datum?
3. Is tydsbestuur- en verantwoordelikheidsroosters alreeds opgestel?
4. Is verhoudings met onderwysers en medeleerlinghulp vir addisionele intervensieklasse in die vakke waar dit moeilik gaan, alreeds gevestig?
5. Is doelwitte en teikenprestasies alreeds gevestig en gekommunikeer?
6. Voldoen jy 100% aan die verwagtinge van die gedragskode, veral waar dit voorkoms aangaan?
7. Is al die verskuldigde fooie reeds opbetaal?
8. Is die regte vriendskappe reeds gesmee wat daartoe bevoeg is om die nodige motivering en ondersteuning te verleen?
9. Is jy bereid om alle suksesse, teleurstellings en bekommernisse met jou skoolhoof, voog en ouers te deel?
10. Ken Jesus al jou planne en kommunikeer jy dit daagliks met Hom?

Bogenoemde kontrolelysie is die tien mees algemene waarborge vir 'n baie suksesvolle jaar wat ongekende resultate sal verseker. Alle sterkte met die meer hardehoutgedeelte van skoolgaan. Dit bly nog altyd my grootste wens dat almal vanjaar suksesvol sal wees, maar in die proses daarvan, dit onbeskryflik sal geniet.



HET jy GeWEET?

- **... dat die klerebank slegs oop is: 07:30 - 08:00 soggens, eerste en tweede pouse en tussen 14:00 en 15:00 vanaf Maandag tot Donderdag. Vrydae: net soggens en pouses?**
- **... dat indien u nie gedurende die vasgestelde tye die klerebank kan besoek nie, u vroegtydig 'n afspraak met me. Riëtte Luitingh moet maak?**
- **... dat die gebedsgroepie steeds weekliks bymekaarkom op 'n Donderdag om 13:00 by ons meisieskoshuis, Huis Jordaan, en enigeen baie welkom is om by hierdie gebedsgroepie in te skakel?**

KRIEKETUITSLAE

JvR o.19 vs Plumstead HS o.19A: Plumstead kolf eerste en maak 155 (lo-pies) vir almal uit. JvR kolf en maak 156 met ses paaltjies staande.

Uitblinkers met die bal was:

James Klerck met 10 lopies en 3 paaltjies en Ruan Esterhuizen met 22 lopies en 2 paaltjies.

Uitblinkers met die kolf was:

Charl Vlok 55 nie uit nie en Stuart Maxwell 33 nie uit nie.

JAN ZOE ATLETIEKBYEENKOMS

Ons sal altyd 2010 onthou as die dag toe Jan van Riebeeck se drie skepe, nl. Drommedaris, Goede Hoop en Reijger hul opwagting gemaak het by die Jan Zoe atletiekbyeenkoms. Die dag was propvol opwinding en uitsonderlike prestasies. Baie geluk aan Huis Reijger met 2010 se oorwinning van die atletiekbeker asook die geesbeker. Ook net `n dank aan al die atletiekafrigters wat uitsonderlike werk die seisoen gedoen het.

O/15 Krieket (Saterdag)

DATUM				TUIS/ WEG
13 Feb	JvR o.15	vs	FISH HOEK HS	T
20 Feb	JvR o.15	vs	LOSLOOTJIE	
27 Feb	JvR o.15	vs	BLUE BELLS CC	W
06 Mar	JvR o.15	vs	BONTEHEUWEL CC	T
13 Mar	JvR o.15	vs	RYLANDS CC	W

(20/20 UITKLOP BEGIN DIE WEEK VAN 1-5 FEB)

O/19 Krieket (Saterdag)

DATUM				TUIS/ WEG
30 Jan	JvR o.19	vs	PLUMSTEAD HS	T
06 Feb	JvR o.19	vs	LOSLOOTJIE	
13 Feb	JvR o.19	vs	DURBANVILLE HS	W
20 Feb	JvR o.19	vs	PAROW HS	T
27 Feb	JvR o.19	vs	FISH HOEK HS	W
06 Mar	JvR o.19	vs	DF MALAN HS	T
13 Mar	JvR o.19	vs	GUGULETU CC	W

O/19 Krieket (Dinsdag)

DATUM				TUIS/ WEG
09 Feb	JVR o.19	vs	WESTERFORD HS	W
16 Feb	JVR o.19	vs	DARUL ISLAM HS	T
23 Feb	JVR o.19	vs	CAPE TOWN HS	W

(20/20 UITKLOP BEGIN DIE WEEK VAN 1-5 FEB)

INTERSKOLE ATLETIEK

Baie geluk aan elke atleet wat bygedra het tot nog `n oorwinning van die interskole! Dis regtig merkwaardig dat `n skool 600 leerders, skole soos De Kuilen, Milnerton en Monument Park met elk meer as `n 1000 leerders, oorwin! Baie geluk ook aan die dogters wat die meeste punte deur die dag vir die span behaal het. Ons is trots op elkeen van julle!

VASELINETJIE

Ongeveer 150 leerders het Donderdag, 28 Januarie 2010, na 'n vertoning van Vaselinetjie in die Kunstekaap gaan kyk. Die produksie was deel van die Suidoosterfees. Dit was heerlik om ons eie Jan van Riebeecker, Theunis Fick, op die verhoog te sien! Die produksie het heelwat klasbespreking ontlok en was 'n uitstekende opvoedingsgeleentheid.

Kultuur weekliks aan die kook!

Stad Kaapstad Toneelspelkompetisie:

Geluk aan die volgende leerlinge wat verkies is tot die uitdunrondtes van die kompetisie. Marnus Rollin; Clireesh Cloete; Mia Louw; Anèl van Vuuren; Terrance Makapan; Gabrielle Botha. Voorbereiding aan jul programme begin volgende week met Juf. Esterhuizen.

Toneel EENBEDRYWE: Volgende week is die laaste week van die eerste rondte oudisies vir "Boomplanters" en "777". Maak seker dat jy dit nie misloop nie. Indien daar nie meer spasies op die rooster oop is nie, kan jy steeds opdaag tussen 14h00 en 17h00 - ons sal jou êrens indruk.

Rotary debating: The Rotary debating workshop hosted by UCT students last Sunday was a worthwhile and informative experience for the six debaters from JvR who attended it. They returned with new skills.

Ensemble: Die ensemble is alreeds aan die oefen. Enige ander blaas- en strykinstrumentspelers word uitgenooi om aan te sluit en by me. Du Toit aan te meld.

Koor: Die koor is hard aan die oefen elke Dinsdag vanaf 16h00 tot 18h00 in die skoolsaal.

Afrikaanse debat: Die onderwerp vir die junior debatspan tydens die ATKV-debatskompetisie is: "Die kompeterende aard van skoolsport veroorsaak dat 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees' (nie meer) geld (nie). Indien jy betrokke wil raak by hierdie debat - op watter wyse ookal - kan jy saam met die debatspan en me. Basson op Maandae tussen 14h00 en 15h00 debateer.

Gasvryheidstudie

Leerders en ouers moet asseblief seker maak dat alle vorms en bestellings ingehandig word. Finale bestelling van uniform word Maandag geplaas. Die graad 11-praktiese klas het heerlike soppe opgedis. Vra gerus vir die resepte. Ons sien uit na die resultate van die volgende praktiese groepe. Volgende week se praktiese klasse:

09.02.2010: Gr. 11A - Soppe

10.02.2010: Gr. 12B - Gelatien





Belangrike datums:

2 Mrt: Gr. 12 PAT 1 (Groep A)

4 Mrt: Gr. 12 PAT 1 (Groep B)